## Die Essensie van Neo-Spektrum:

Hier erken ons dat die KRAG wat in ons is nie van ons is nie
Hier ontmoet ons 'n God wat LEWE en LIEFDE is
Hier laat ons 'n GELOOFWAARDIGE stem hoor
Hier word alle mense MENSWAARDIG behandel
Hier is ruimte vir ANDERSDENKENDES
Hier gee 'n wysheidsirkel aan elkeen 'n STEM
Hier is geen VERWYDERING of VEROORDELING nie

### KONTAKBESONDERHEDE

Terblanche Jordaan
Tel: 083.460.45.45
terblanche1@telkomsa.net

**Webblad:** www.neo-spektrum.com
**Facebook:** Neo-Spektrum
**Leierspan:** Almal se insette welkom

## Ons eet saam 3 Maart na Kerk. Bespreek Asb.

## A Course in Miracles

Groepsbyeenkoms: elke Donderdagaand 7pm Kolping
Woensdag 27 Februarie 7pm — Stad-Groep
Woensdag 6 Maart 7pm — Stad-Groep

### BESONDERHEDE VIR EPOS NUUSBRIEF EN SMS TEMA

**Naam en Van**

___________________________________________

**E-Mail**_______________________ **Sel**_______________

**Woonadres**

___________________________________________

### ADRES

Vanaf N1 ± 8km tot by sirkel en uit in Koebergweg — tweede straat regs is:
Biccard Straat (Kolping Centre aan jou regterkant) Durbanville

| Bankrekening vir bydraes | BAIE DANKIE |
|---|---|
| **FNB: Wysheidsirkel**<br>Takkode: **201-409**<br>Rekening: **551 601 09804** | Ons vra 'n maandelikse bydrae hetsy per koevert of per EFT<br>**Groot ASSEBLIEF en DANKIE** |



# Neo-Spektrum

## 24 Februarie 2013

## DRIE TREE VAN 'NEE' NA 'JA'

## A CIVIL RIGHTS MOVEMENT OF THE SOUL

### STILTE IN DIE KAPEL

~ Homecoming — Preisner ~

### IN DIE TEENWOORDIGHEID VAN GOD

*Die Here is my herder, ek kom niks kort nie.*
*Hy laat my rus in groen weivelde.*
*Hy bring my by waters waar daar vrede is.*
*Hy gee my nuwe krag.*
*Hy lei my op die regte paaie*
*tot die eer van sy Naam.*
*Selfs al gaan ek deur donker dieptes,*
*sal ek nie bang wees nie, want U is by my.*
*In u hande is ek veilig.*
*U laat my by 'n feesmaal aansit,*
*terwyl my teëstanders moet toekyk.*
*U ontvang my soos 'n eregas,*
*ek word oorlaai met hartlikheid.*
*U goedheid en liefde sal my lewe lank by my bly*
*en ek sal tuis wees in die huis van die Here*
*tot in lengte van dae.*
(Psalm 23)

### STILTE VAN BINNE

# GESPREKSIRKEL

**What do people have in common who are whole-hearted?**

- **MOED (courage)** — tell the story of who you are with your whole heart and do it authentically true to yourself.
- **MEDELYE (compassion)** — be kind to yourself in order to BE the love you are in order to BECOME it to others.
- **MEKAAR (connection)** — fully embrace our vulnerability towards others — only an I and a you can become a WE.

## A CIVIL RIGHTS MOVEMENT OF THE SOUL

- *Collective Consciousness: Verantwoordelikheid vir myself en ander om my*
- *Cosmic Consciousness: Interafhanklikheid tussen myself en ALLES wat lewe*
- *Divine Consciousness: Spiritualiteit wat relevant, sinvol en 'n refleksie is*

## A CURRICULUM OF VALUES

- *DIE SELF: Ons ag onsself na waarde dat ons die kapasiteit het om spiritu-eel, intellektueel en emosioneel te kan groei en te ontwikkel*
- *EWEMENSE: Ons ag andere na waarde, nie op grond vir wat hulle het of vir ons kan gee nie. Ons waardeer alle verhoudinge as 'n fundamentele fondasie vir die ontwikkeling en vervulling van onsself en andere asook vir die opbou van die gemeenskap. Ons glo dat liefde, aanvaarding, respek, waardigheid en seën die basis vorm van elke verhouding.*
- *GEMEENSKAP: Ons ag na waarde: vryheid, menseregte, en wetsgehoor-saamheid as 'n kollektiewe verantwoordelikheid vir die opbou van almal. In besonder ons families as ons bron van liefde en ondersteuning as basis vir 'n gebalanseerde samelewing.*
- *OMGEWING: Ons ag na waarde ons omgewing, beide ekologies en milieu as fondasie, wonder en die inspirasie van lewe wat die Skepping ons bied.*
- *GELOOFSGEMEENSKAP: Ons ag ons geloofsgemeenskap na waarde, beide in ons verhouding asook ons deur ervaring met die Lewende God.*

**How do we make a (w)holly difference to heal a wound?**

- Wees bereid om te sê: ek is lief vir jou, sonder voorwaardes
- Wees bereid om te gee sonder om iets terug te verwag
- Wees bereidwillig om elke verhouding te eer en respekteer met dieselfde liefde as wat jy vir God het.

# GIVE WITH THANKFULNESS & GRATITUDE

~ CASCADES— PREISNER ~

---

# ONS BELOFTE VIR 'N NUWE ONTHOU

Ek belowe hiermee voor almal in U teenwoordigheid:

Om myself lief te hê soos U my liefhet
en mekaar lief te hê soos U almal liefhet.
Ek belowe om in woord en daad U liefde na te streef
selfs waar ek van mense verskil of hul kritiek moet verduur.
Ek belowe om gasvry te wees en mekaar by te staan in nood,
en om sensitief bewus te wees dat ons mekaar nodig het.
Ek belowe om vergiffenis te vra waar ek iemand seergemaak het
met my gedagtes en woorde maar veral in my optrede.
Ek belowe om nie boek te hou van die kwaad nie
maar te onthou: as ek vergewe, maak ek myself vry.
Ek belowe om my persepsies en opinies op te gee
en in alle opsigte daarna te streef om 'n refleksie van Liefde te wees.
Ek belowe om die geweld in my gedagtes; die woede in my reaksies;
aan U te gee sodat U my gees kan vernuwe
met 'n nuwe lewe wat vanuit U vloei,
geïnspireer deur U Gees.
Ek belowe om meer te gee as wat ek ontvang
en wat ek ontvang nie vanselfsprekend te aanvaar nie.
Ek belowe om minder te kla en minder te vra
sodat ek kan sien en ervaar hoe U my dra en verdra
Help my onthou. Wys my hoe.
Want aan U kom toe die krag en die heerlikheid
ons aanbidding en verwondering
Van vandag af, elke dag.

AMEN

---

## AS ONS UITSTAP

~ LIFE ... THE BEGINNING ... LOVE — PREISNER ~